**27 September 2020 (Erediens – God se teenwoordig in onverwagse plekke.)**

**Votum en Seën**

Ons hulp is in die naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid en nooit die werk van sy hande verlaat nie.

Genade en Vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus onse Heer, deur die werking van die Heilige Gees.

**Oomblik van Stilte**

**Die Wet**

- Eksodus 20
- **Die Wet**

| | |
|---|---|
| 1 | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: |
| 2 | “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. |
| 3 | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. |
| 4 | “Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. |
| 5 | Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, |
| 6 | maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. |
| 7 | “Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. |
| 8 | “Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. |
| 9 | Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, |

| | |
|---|---|
| 10 | maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. |
| 11 | Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. |
| 12 | “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. |
| 13 | “Jy mag nie moord pleeg nie. |
| 14 | “Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |
| 15 | “Jy mag nie steel nie. |
| 16 | “Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. |
| 17 | “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.” |

**Skulldbelydenis en Genadeverkondiging**

- Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het 1,2 en 3 – **Barend En Ilse**

**Aanbiddingslied (Staande)**

- Lied 266 - Die Onse Vader – **(Gemeente)**

**Bevestiging van Kerkraadslede**

- Barend Deysel (Ouderling)
- Rudi Hattingh (Ouderling)
- Rina Hattingh (Diaken)
- Jolene Hattingh (Diaken)

**Skriflesing -** Eksodus 17

Water uit die rots

**17** Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by **Refidim** kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie. [2]Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: "Gee jý vir ons water om te drink!"

En Moses antwoord hulle: "Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef?"

[3]Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: "Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?"

[4]Daarna het Moses tot die Here geroep: "Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood."

[5]Toe sê die Here vir Moses: "Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit. [6]Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink."

Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel. [7]Hy het die plek **Massa en Meriba** genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: "Is die Here by ons of nie?"

## Prediking

Is die Here by ons of nie? Miskien het almal van ons al dié vraag in een of ander vorm in ons lewe gevra.

Israel vra die vraag omdat alles wat hulle op hierdie moment ervaar, op die teendeel dui: mans, vroue, kinders en diere in die skroeiende woestynson, met geen water in sig nie. Hulle is in dié situasie omdat Moses hulle oortuig het dat Jahwe, die God van Abraham, Isak en Jakob vir hulle omgee en 'n nuwe toekoms wil bied.

Nou begin hulle daaraan twyfel, want nie eers die mees basiese van hulle lewe, water, is beskikbaar nie.

### Eksodus

Ons teks kom uit die Eksodusboek. Eksodus, soos die naam reeds beskryf, is die uittogboek, die woestynboek.

die bewegings in die Eksodus-verhaal is 'n beweging van slawerny tot aanbidding, van Israel wat deur Farao vasgebind was tot waar hulle hulleself aan God bind. Israel beweeg vanwaar

hulle onder dwang vir Farao bouwerk doen tot waar hulle kies het om 'n woonplek vir God in te rig en hulle hande en harte daarvoor oopmaak.

Die sewe verse van hierdie teks maak deel uit van die groter vertelling van die reëlings rondom die manna en die Sabbat (Eks 16). Hierdie verse vertel van nog 'n moment van ingryping in Israel se pad na die Sinaiberg (Eks 19).

Ons vind in hierdie verse die bekende patroon van die uittogverhaal: Die volk kla, en dan Moses wat intree vir die volk by God wat voorsien.

'n Teoloog skryf:

> Hierdie kort verhaal belig God se leierskap, die aanhoudende menslike gekla, en die onvergelyklike meelewing van God wat die onderhoudende elemente van die skepping vir Israel ontsluit.

Kom ons stap deur die teks:

Hierdie gedeelte begin met ‘n aanduiding van Israel se gehoorsaamheid aangesien hulle gegaan het waarheen hulle gelei is, Moses was hier die menslike leier gewees en het gedoen soos die Here hom beveel het.

Daar was ook waarskynlik die veronderstelling onder die volk dat as hulle gehoorsaam is dan sal Jahwe (God) vir hulle moet sorg.

Dan kom die ontnugertring in wanneer hulle by Refidim kom en skielik was daar ‘n gebrek aan water vir die volk.

In Vers 1 lees ons van Refidim. Refidim is nie 'n plek wat maklik op 'n kaart gevind word nie. Daar is onsekerheid oor die presiese ligging.

**<u>Die belangrike fokus is dat die verteller hulle reis beskryf as een wat Jahwe: bepaal het: "op bevel van die Here". Die spanningselement van 'n watergebrek word hier reeds genoem.</u>**

**Hierdie naam sou uiteindelik sinoniem met die ongehoorsamheid van die volk word.**

**Vers 2. "Toe het die volk met Moses rusie gemaak. Die oorspronklike Hebreeuse woorde dui op 'n dispuut of 'n regsgeding.**

Dit kan ook dui op die moontlikheid van gewelddadige konflik en daarom ook Moses se vreesreaksie dat hulle hom met klippe kon doodgooi as hy skuldig bevind word.

Moses word verantwoordelik gehou vir die volk se te korte. Hulle verwag dat hy die oplossing moet gee. Die ironie is dat wanneer hulle ongelukkig raak, hulle vir Moses en nie vir God blameer nie – asof God nie daar is nie.

Moses verplaas die aantyging en herinner hulle dat Jahwe hulle leier is, en dat hulle dus eintlik met Hom in 'n dispuut gaan.

**Vers 3. Die realiteit van hulle dors was egter genoeg om die konflik te laat eskaleer. Ook hulle kinders en vee ly daaronder.**

As mens vers 4 lees sien ons dat Moses bedreig voel deur die volk en roep soos een wat reeds veroordeel is.

As hy skuldig is, gaan hy gestenig word. Hy ervaar die woede van 'n verbitterde menigte. **<u>Hy doen wat die volk eintlik moes doen — hy roep om hulp by die Here.</u>**

Moses kry dan die opdrag om voor die volk uit te beweeg. Hy moet van die leiers/oudstes saamvat, asook sy staf.

Die staf het reeds simboliese betekenis, omdat hy daarmee op die Nyl geslaan het.

Dan sien ons in hierdie opdrag dat Jahwe (God) sy teenwoordigheid "op die rots" by Horeb voor Moses belowe .

Die teenwoordigheid van die Here is 'n sterk tema in Eksodus-verhaal! . Dié teenwoordigheid skep spanning rondom die moontlike oplossing van die krisis.

Die feit dat die volk die Here se geduld op die proef gestel het, kry nou 'n naam: Massa en Meriba. Hierdie name word verbind met wat daar gebeur het. Die fokusvraag van die hele teks word hier verwoord: "Is die Here by ons, of nie?"

**Dink jou in**

Ons is so gewoond aan die woestynstories waar die volk wat "murmureer" al vir ons tipies van Israel geword het. Ons maak dit sommer af as ongeloof.

Wat hier gebeur is, veel méér. Miskien sal dit baat om die teks met verbeelding te lees, om jou die hitte, dors en vrees oor jou kinders en vee te verbeel. Die volk kla nie net nie.

Hulle plaas Moses in die beskuldigdebank. Dit is 'n regsklag wat hulle aanhangig maak. Dit is 'n regsaak oor beloftes wat nie realiseer nie, oor hulle leier wat nie omgee nie. Aldus is dit 'n saak teen God.

Die vraag of die Here by ons is of nie in Eksodus 17 kom vanuit ‘n akute dors en vrees.

Dit is die raakpunt met ons eie lewe. Akute vrees en onsekerheid, met die gevoel van God se onvermoë (in ons eie oë) om sy bystand en teenwoordigheid sigbaar te verseker en te bewys.

**Covid-19**

Juis in die tyd wat Covid-19 oor die hele wêreld gespoel het, kon mens jou iets van Israel se nood verbeel. Terwyl vriende en kennisse siek word en selfs sterf wonder mens waar is God?

Waarom gryp God nie in nie?

Deur die eeue heen het gelowiges al die ervaring gehad dat God se verborgenheid vir hulle 'n groter werklikheid as sy teenwoordigheid is. So ook het gelowiges eeue moes leer om te vertrou op wat nie altyd sigbaar is nie. Israel se letterlike woestynervaring, het vir ander figuurlike woestynmomente geword.

**Belden Lane skryf in The Solace of fierce landscapes** dat God soms rof speel. Hy lok ons uit, sodat Hy ons kan oorlaai met liefde. Ons wil nie altyd so speel nie. Ons soek 'n meer versigtige spel waar ons altyd weet waar ons staan.

Die Israeliete het hulle water uit 'n onverwagse plek gekry. Nie uit 'n fontein of oase nie, maar uit 'n klipharde klip. Nie sigbaar nie, maar eers nadat die Here vooruitgegaan het en die opdrag aan Moses gegee het. God het gehoor en hulle nood te hulp gekom.

Dit beteken egter nie dat die res van die woestyntog met duidelike riglyne en tekens van voorsiening gepaard gegaan het nie. By baie plekke moes Israel weer voor keuses staan om te vertrou, sonder enige sigbare bewyse.

Die wat met God op pad is, is altyd besig om te beweeg van een geleentheid om gehoorsaam en vol vertroue te wees tot by die volgende geleentheid. En dan die volgende geleentheid

Dit is die spel van die woestyn. Die verborge God is intens teenwoordig. Hy lok ons in die hardheid van ons bestaan uit tot 'n spel waarin ons ons uiteindelik volledig, met al ons nood en ons hele menswees, aan Hom kan oorgee.

Dit is ook so met die water uit die rots wat God by die berg Sinai/Horeb aan die volk gee. Dit kweek die verwagting dat die gawes uit sy hand, te midde van ons akute nood, nie net water is nie, maar sy Woord. God is teenwoordig in ons alledaagse lewe. Daarom moet ons soms vertrou en glo in die dinge wat ons nie altyd sien nie. In die grootste krisis is God steeds teenwoordig in jou en my lewe.

### Gebed

### Slot lied

- Lied 454 – Vader, ons eer U **(Gemeente)**

### Staan vir Geloofsbelydenis

### Seengroet

Die HERE sal julle seën en julle beskerm;
Die HERE sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
Die HERE sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.
Amen

- Lied 314 – Amen **(Gemeente)**